INHOUDSOPGAWE

1.	**Doel van die oorsig**	**1**
2.	**Metodologie**	**1**
3.	**Historiese ontwikkeling van Kerklike Maatskaplike Dienste binne die NG Kerk**	**1**
4.	**Teologiese begronding vir Kerklike Maatskaplike Dienste**	**4**
5.	**‘n Strategie vir Kerklike Diakonaat**	**4**
6.	**Teikengroepe**	**6**
7.	**Programme van Kerklike Maatskaplike Dienste**	**7**
8.	**Personeel**	**10**
9.	**Omset**	**10**
10.	**Die organisasie van Kerklike Maatskaplike Dienste**	**11**
11.	**Lede van die KMDR**	**11**

1. DOEL VAN DIE OORSIG

Hierdie oorsig handel oor die werksaamhede van die kerklike maatskaplike diens-organisasasies van die verskillende sinodes van die familie van NG Kerke. Vir die doeleindes van die oorsig word kerklike maatskaplike dienste as ‘n sambreelterm gebruik wat verwys na al die vakkundige maatskaplike welsynsprogramme van sinodes wat daarop fokus om die maatskaplike funksionering van individue, gesinne en gemeenskappe te verbeter.

2. METODOLOGIE

Die oorsig is gebaseer op die jaarverslae van die sinodale kerklike maatskaplike diensorganisasies vir die tydperk 1 April 2010 tot 31 Maart 2011. Elke sinodale organisasie volg ‘n eie proses om hulle jaarverslag te skryf. Gevolglik is dit tans nie moontlik om ’n gedetailleerde en gestandardiseerde oorsig van die kerklike maatskaplike dienste van die verskillende sinodes van die NG Kerk te gee nie aangesien die verskillende organisasies nie die inligting op dieselfde manier insamel nie.

Die Kerklike Maatskaplike Dienste Raad (KMDR) het verder besluit om saam met die oorsig ’n bondige opsomming van die historiese ontwikkeling van kerklike maatskaplike dienste in die NG Kerk te gee om sodoende die oorsig in ’n konteks te plaas. In die verband moet onthou word dat kerklike maatskaplike dienste nie in deselfde mate in die ander drie kerke van die NG Kerkfamilie ontwikkel het nie. In die NG Kerk in Afrika en die Reformed Church in Africa is daar nie georganiseerde maatskaplike welsynsprogramme nie. In die VGKSA word die dienste grootliks deur BADISA wat ’n lidorganisasies van die KMDR is, gelewer.

3. HISTORIESE ONTWIKKELING VAN KERKLIKE MAATSKAP-LIKE DIENSTE BINNE DIE NG KERK

Die verhaal van die NG Kerk se betrokkenheid by mense en gemeenskappe se maatskaplike nood is deur die jare goed nagevors en opgeteken in notules, verslae, artikels, boeke, tesisse en proefskrifte (byvoorbeeld Greyling 1939, Botha 1957, Zeeman 1957, Van der Schyff 1977, Lindeque 1985, De Klerk 1990, Oosthuizen 1995, Van Aarde 1999). Uit die bronne blyk dit dat die verhaal teruggaan tot by die aankoms van Jan van Riebeeck aan die Kaap in 1652. Aanvanklik was maatskaplike welsynsdienste deel van die gemeente se diakonaat en Nieuwoudt skryf dat die diakonale dienste wat gelewer is, gewissel het van gemeentesentriese alimentasie-dienste tot dienste wat tekens van “embrionale georganiseerde inrigtingsversorging” vertoon het (De Klerk, 1990:77).

Die verhaal vertel verder hoe die Kerk telkemale gereageer het wanneer daar groot nood in die land was en mense gely het as gevolg van rampe, oorloë en siekte-epidemies. Die ontstaansgeskiedenis van ‘n groot aantal kinderhuise illustreer dit byvoorbeeld: Die Langlaagte-weeshuis wat in 1902 na die Anglo-Boereoorlog opgerig is en so ook die kinderhuise in Ladybrand, Brandfort, Winburg en Bethlehem. Na die griepepidemie van 1918 ontstaan die Ugie-weeshuis, die Piet Retief-weeshuis te Mooimeisiesfontein en nog ander (De Klerk, 1990:300).

Maar die deel van die verhaal wat vandag nog voorop in die geheue lê is die NG Kerk se rol by die oplossing van die sogenaamde Armblankevraagstuk aan die begin van die vorige eeu. Nie alleen het die Kerk ‘n leidende rol gespeel in die verskillende Volkskongresse nie, maar daar is ook daadwerklik opgetree deurdat die Kerk Christelike Maatskaplike Rade (CMR) oral in ringe en gemeentes tot stand gebring het. Hierdie rade het begin om opgeleide maatskaplike werkers aan te stel wat oor ‘n breë front op wetenskaplike wyse dienste kon lewer om die maatskaplike probleme wat met armoede gepaard gaan, byvoorbeeld kinderverwaarlosing, die verbrokkeling van die gesinstrukture en alkoholmisbruik, te bekamp. Verder is groot werkverskaffings- en opheffingsprogramme ingestel, waarvan die Kakamasprojek waarskynlik een van die bekendstes is. In ‘n historiese oorsig oor die maatskaplike betrokkenheid van die NG Kerk beskryf De Kock die tydperk 1915 tot 1952 as die “periode van die wetenskaplike benadering van die vraagstuk van verarming en van die planmatige organisasie van die kerklike maatskaplike sorg, veral met die oog op die snelle verstedeliking van die Afrikaner” (1986:30).

Drie groot prosesse het sedert die middel van die vorige eeu momentum gegee aan die ontwikkeling van ’n professionele, kerklike maatskaplikewelsynsdiens. Vir die doeleindes van hierdie oorsig word die drie prosesse omskryf as die statutêre regulering van die maatskaplike welsynsektor, die verstewiging van die kerk-staat verhouding en die opkoms van die Maatskaplike Werkprofessie. Die tydperk was ’n bloeitydperk vir die NG Kerk se maatskaplike dienste en die verslae van die Algemene Kommissie vir Diens van Barmhartigheid (AKDB) aan die Agemene Sinode sedert 1962 vertel die verhaal hoe die werksaamheid van die Kerk gegroei en die kerk meer en meer in die maatskaplike welsynsektor betrokke geraak het.

3.1 Sinodale organisasies word regspersone

Die eerste proses, die statutêre regulering van die maatskaplike welsynsektor, het begin met die instelling van ‘n volwaardige staatsdepartement vir Volkswelsyn in 1937. Nie alleen het hierdie departement beleid en wetgewing begin ontwikkel wat hulpmiddele moes wees in die stryd teen armoede nie, dit het ook begin om fondse beskikbaar te stel vir maatskaplikewerkposte en ander programme. Welsynswetgewing wat mettertyd ontwikkel het, het die Kerk by punte gebring waar moeilike strategiese besluite geneem moes word. Een so ‘n punt was toe ‘n trilogie van welsynswette naamlik die Nasionale Welsynswet, die Wet op Fondsinsameling en die Wet op Maatskaplike Werk in 1978 gepromulgeer is. Die Nasionale Welsynswet het ondere andere voorsiening gemaak vir die registrasie van welsynsorganisasies. Die Wet op Fondsinsameling het bepaal dat geregistreerde welsynsorganisasies ook kon registreer as fondsinsamelingsorganisasies en die Wet op Maatskaplike Werk het daarvoor voorsiening gemaak dat maatskaplike werkers in diens van geregistreerde welsynsorganisasies ook statutêre werk in die howe kon doen.

Hierdie wette het bepaalde voordele vir kerklike maatskaplike dienslewering ingehou en daarom het sowel die verskillende sinodes, asook die algemene sinode, besluit om hulle Sinodale Kommissies vir Diens van Barmhartigheid (SKDB) as welsynsorganisasies te registreer. Dit het egter ‘n bepaalde dubbelslagtigheid meegebring naamlik dat die Sinodale Kommissies vir Diens van Barmhartigheid sowel kerklike kommissies as geregistreerde welsyns-organisasies geword het. Organisatories het dit ook problematies geword

aangesien die agenda van die sinodale welsynsorganisasie dikwels die agenda van die kerklike diakonaat verdring het.

Die volgende punt in die regulering van die maatskaplike welsynsektor was die promulgering van die Wet op Organisasies sonder Winsoogmerk in 1997. Dié wet het die Wet op Fondsinsameling (1978) grootliks vervang en het bepaal dat organisasies sonder winsoogmerk geklassifiseer word kragtens hulle regspersoonlikheid hetsy as ‘n assosiasie, of ‘n art 21 maatskappy of ‘n trust. Dit het die sinodes weereens by ‘n punt gebring waar daar besluit moes word oor die posisionering van hulle kerklike maatskaplike-diensorganisasies. Al die sinodes het uiteindelik besluit om dié organisasies as selfstandige organisasies sonder winsoogmerk te registreer. Met hierdie stap het daar regtens ‘n formele skeiding gekom tussen die sinodes (kerk) en die kerklike maatskaplikediensorganisasies omdat die sinodale diensorganisasies nou afsonderlike regspersone is .

Alhoewel die onderskeie sinodale organisasies afsonderlike regsentiteite kragtens die registrasie as organisasies sonder winsoogmerk is, sien die *Kerkorde en Bepalinge van die NG Kerk* ‘n nou verwantskap tussen die Kerk en die maatskaplike diensorganisasies. Hierdie verhouding word soos volg beskryf:

KO art 55.3 *Die Kerk het die onvervreembare reg om sy eie lidmate vir bepaalde werksaamhede te organiseer deur die kerkraad, ring óf sinode óf te laat organiseer deur organisasies wat van die Kerk daartoe opdrag gekry het.*

KO art 55.4 *Waar daar kerklike organisasies vir bepaalde dienswerk bestaan in sinodale en algemeen- sinodale verband, behoort alle georganiseerde dienswerk op daardie terrein daarby in te skakel*.

KO art 55.5 *Organisasies wat in hierdie verband tot stand kom, lê hulle bepalinge aan die betrokke kerkvergadering vir goedkeuring voor.*

3.2 Die vennootskap met die Staat ontwikkel

Die tweede groot proses wat ’n definitiewe impak op die kerk se maatskaplike welsynsdienslewering gehad het, was die ontwikkeling van die kerk-staatverhouding in die tweede deel van die vorige eeu. Hierdie tyd is gekenmerk deur die bewind van die Nasionale Party, die beklemtoning van Afrikaner nasionalisme en die ontwikkeling van die Apartheidsideologie. In hierdie tyd het ’n naby verhouding tussen die Kerk en die Staat ontwikkel en ’n kernaspek van hierdie vennootskap was die ontvangs van staatsubsidie en kapitale lenings vir maatskaplike welsynsdienste deur die kerklike maatskaplike-diensorganisasies. Dit het die diensorganisasies in staat gestel om ’n uitgebreide en omvattende diens te ontwikkel. Sedert 1994 het hierdie verhouding onder druk gekom en alhoewel staatsubsidie steeds ontvang word, gaan dit dikwels met allerhande verwagtings van die staat gepaard. Die subsidies het ook aansienlik verminder en beloop tans minder as 40% van die totale inkomste van die sinodale organisasies.

3.3 Die ontwikkeling van Maatskaplike Werk as wetenskap

Die derde proses wat in hierdie oorsig kortliks aandag kry, is die ontwikkeling van die Maatskaplike Werk dissipline in Suid-Afrika en die opkoms van die Maatskaplike Werkprofessie. Die Volkskongresse wat na aanleiding van die Armblankevraagstuk gehou is, het aangetoon dat die oplossing van die vraagstuk 'n wetenskaplike benadering verg en dat maatskaplike werkers vir die doel opgelei moet word. In die NG Kerk het 'n visie ontwikkel om kerklike maatskaplike werkers op te lei wat as deel van die kerk se diakonaat gemeentes en ander kerklike strukture sou kon bystaan. Die droom is in 1951 verwesenlik toe begin is om maatskaplike werkers aan die Hugenote Kollege op Wellington op te lei.

In die tweede helfte van die vorige eeu was daar ook toegespitste pogings om Maatskaplike Werk as professie in Suid-Afrika te vestig. Een van die doelstellings van die Wet op Maatskaplike Werk (1978) was juis om 'n professionele raad vir Maatskaplike Werk in die land tot stand te bring en voorsiening te maak vir die registrasie van maatskaplike werkers.

In die ontwikkeling van hulle programme het die kerklike maatskaplike diensorganisasies oor die jare swaar geleun op die navorsing van Maatskaplike Werk en die ontwikkelinge in die maatskaplike welsynsektor. Dit het meegebring dat talle maatskaplike werkers in diens geneem is om as vakkundiges in die programme leiding te neem.

4. TEOLOGIESE BEGRONDING VIR KERKLIKE MAATSKAPLIKE DIENSTE

Hierbo is aangetoon dat maatskaplike dienslewering nog altyd in die kerk gesien is deel van die kerk se diakonaat. Die teologiese begronding van die kerklike maatskaplike dienslewering vanuit die dienswerk van Christus was derhalwe altyd belangrik. Dit is verder deurgaans aanvaar dat die diakonaat, en daarom ook kerklike maatskaplike dienste, deel is van die kerk se verkondig van God se genade en liefde en daar word dikwels na die diakonaat verwys as daadverkondiging. Die Algemene Sinode van 2007 het 'n dokument aanvaar *Die Roeping tot Diens en Getuienis in Eenheid* waarin aangetoon word waarom die kerk se diens van barmhartigheid en sending eintlik een werksaamheid is wat begrond word in die sending van God (*Missio Dei*). Volgens hierdie dokument is kerklike maatskaplike dienste deel van die kerk se betrokkenheid by God se sending in hierdie wêreld.

5. 'N STRATEGIE VIR KERKLIKE DIAKONAAT

Kerklike maatskaplike dienslewering wat gebruik maak van professionele personeel en wetenskaplike programme en die bedryf van institusionele programme was nog altyd gesien as deel van die kerk se diakonaat. Nieuwoudt (De Klerk, 1990:77) wys daarop dat die diakonale dienste van die kerk van die begin af gefokus het op alle mense in nood: "*Bejaardes, gestremdes, weduwees en siekes (lidmate, vrygestelde slawe sowel as lidmate van ander kerke – almal by wie 'n "deplorabele toestand" geïdentifiseer is*". Die Algemene Sinode van die NG Kerk het in die beleidsdokument *Kerk en Samelewing (1990)* die kerk se betrokkenheid by die nood van die Suid-Afrikaanse samelewing herbevestig. In die dokument word verder

bevestig dat dié betrokkenheid fokus op die hele samelewing en nie net die lidmate van die NG Kerk nie (KS par 51 – 62). Die betrokkenheid by die nood van die samelewing het 'n spesifieke fokus gekry toe die Algemene Sinode van 1998 besluit het dat die kerk veral betrokke moet raak by versoening, armoede en die herstel van morele waardes. Die besluit het gelei tot die *Jaar van Hoop-projek.* In 2002 het die Algemene Sinode 'n roepingsverklaring aanvaar waarin die kerk opnuut haar betrokkenheid by die nood, insluitend die maatskaplike nood in Suider-Afrika bevestig.

Volgens die Kerkorde van die NG Kerk moet die Kerk met priesterlike bewoëndheid omsien na die armes en ander sorgbehoewendes deur hulle te help, te troos en geestelik op te hef (art 54). Klaarblyklik maak die Kerkorde geen onderskeid tussen dienslewering aan lidmate en nie-lidmate nie. Die staatsbeleid van apartheid van die vorige eeu het egter ook in die maatskaplike welsynsektor en in die kerklike diakonaat neerslag gevind en die gevolg was dat diens van barmhartigheid en kerklke maatskaplike dienste in die tweede helfte van die vorige eeu hoofsaaklik op blanke Afrikaners en veral lidmate van die NG Kerk gefokus het. Die standpunte wat in *Kerk en Samelewing* (1990) ingeneem is oor die kerk en haar roeping in die wêreld het egter die weg gebaan vir die siening dat die kerk alle mense in nood wil bedien, ongeag ras of kultuurverband en ongeag of hy/sy lidmaat van die kerk is.

Om haar roeping te operasionaliseer het die Kerk nog altyd verskillende instrumente gebruik. In *Kerk en Samelewing* (1990: par 52) word verwys na die besondere ampte, die amptelike organe van die kerk of die amp van die gelowige. Verder was die siening ook voortdurend dat al die aspekte van menswees bedien moet word en daarom is omvattende wetenskaplike programme ingestel wat vakkundige personeel en inrigtings ingesluit het. Hierdie strategie word deur *Kerk en Samelewing (1990)* herbevestig: "*Sorgbehoewendheid in sy wye verskeidenheid moet geïdentifiseer word en prakties moet daarvan werk gemaak word in die voorsiening van personeel, fondse, dienste, inrigtings en vakkundigheid*" (par 54).

'n Ander aspek van die kerk se diakonale strategie is dat dit in samewerking met die staat en ander organisasies in die samelewing gedoen word. Die Volkskongresse van die 1930's is 'n goeie voorbeeld hiervan. Hierbo is reeds aangetoon dat die ontwikkeling van die maatskaplike welsynsektor sedert die totstandkoming van 'n staatsdepartement vir welsyn in die vorige eeu meegebring het dat die kerk van tyd tot tyd sekere strategiese besluite moes neem oor die posisonering van haar maatskaplike dienslewering. Maar deurgaans is vennootskappe, veral met die staat, as 'n hoë prioriteit gesien.

Bogenoemde strategie vir die NG Kerk se diakonaat word goed opgesom deur *Kerk en Samelewing* (par 58 – 62):

Dit alles impliseer dat die kerk se diakonale bediening

- *Tot alle mense moet uitgaan en oor alle grense beoefen moet word*
- *Alle samelewingstrukture wat in stryd is met die Skrif moet bestry en positief moet werk vir 'n beter samelewing*
- *Met die owerheid op alle vlakke en alle beherende instansies moet skakel om oorsake van nood verwyder te kry*
- *Maatreëls moet tref vir die daarstelling van toepaslike*

versorgingsinstansies (inrigtings en gesinsorgdienste)
- *Moet ywer vir doeltreffende welsynswetgewing waarvolgens die allerbeste diens vir almal gelewer kan word*

6. TEIKENGROEPE

Die basiese vertrekpunt vir kerklike maatskaplike dienslewering was nog al die jare die behoud van 'n gesonde gesinslewe. Die gesin word gesien as die basiese samelewingstruktuur en die logika is dat gesonde gesinne 'n gesonde gemeenskap impliseer. Daarom het die kerklike maatskaplike dienste nog altyd gefokus op die nood van gesinne en die impak wat maatskaplike problematiek op die gesonde gesinslewe het. Trouens, Lindeque wys daarop dat kerklike gesinsorg as sinoniem vir kerklike maatskaplike werk gebruik word (De Klerk, 1990:147).

Lindeque (De Klerk 1990:167) wys daarop dat die kerk egter nie uit sosiologiese of psigologiese oorweginge by die gesin betrokke nie. Die kerk se gesinsorg hang ten diepste saam met 'n teologiese perspektief op die gesin. In Christus bly die hededaagse kerngesin ook 'n verbondsgesin, en absorbeer die Nuwe Testament die gesin binne die terapeutiese gemeenskap van die gemeente as God se groot huishouding en heiligdom.

Vanuit hierdie perspektief op die gesin fokus programme van die sinodale diensorganisasies op:

- Die beskerming van kinders en die bevordering van gesonde gesinne
- Die beskerming van ouer persone
- Die beskerming van gestremde persone
- Die rehabilitasie van pesone wat afhanklik van alkohol en dwelm-middels geword het
- Die bestryding van MIV en die versorging en ondersteuning van persone wat deur MIV en Vigs geïnfekteer en geaffekteer word
- Die bekamping van armoede deur maatskaplike ontwikkelingsprojekte

Uit die gegewens wat van die lidorganisasies ontvang is, blyk dit dat ongeveer 1 367 000 mense in die verslagjaar bedien is. Die grafiek hieronder toon aan hoe die samestelling in terme van die teikengroepe daar uitsien.



7. PROGRAMME VAN KERKLIKE MAATSKAPLIKE DIENSTE

7.1 Die programme en projekte van die verskillende sinodale organisasies kan breedweg in die volgende kategorieë in gedeel word:

- Armoede-bestrydingsprojekte
- Gemeenskapsgebaseerde versorging
- Maatskaplike werk dienste wat berading en statutêre prosesse insluit
- Residensiële versorging

Uit die jaarverslae van die sinodale organisasies blyk die verhouding tussen die programkategorieë soos volg te wees:



Vervolgens word die verskillende programme vir die verskillende teikengroepe kortliks beskryf.

7.2 Kinders en gesinne

7.2.1 Maatskaplike werkprogramme aan kinders en gesinne:

- Programme wat fokus op die bevordering van gesonde gesinne en die voorkoming van gesinsverbrokkeling
- Kinderbeskermingsprogramme wat insluit die korttermyn beveiliging van kinders asook die plasing van en dienslewering aan kinders in alternatiewe versorgingsposisies soos pleegsorg, jeugsorgsentrums en aanneming
- Berading en ondersteuning van persone en gesinne waar gesinsgeweld voorkom
- Berading en ondersteuning aan gesinne in nood met die oog op die herintegrasie van kinders met hulle gesinne

- Berading en ondersteuning aan ontwrigte kinders
- Berading en ondersteuning aan persone in krisisswangerskappe

Statistiek

KINDERS EN GESINNE	Persone bedien
Maatskaplike werkdienste (insluitend pleegsorg en aannemingsdienste)	716 094
Residensiële versorging	2 290
Gemeenskapsversorging	20 689

7.3 Ouer persone

7.3.1 Maatskaplike werkprogramme aan ouer persone:

- Programme wat gerig is op die voorbereiding vir aftrede
- Sosialisering
- Berading aan ouer persone
- Ondersteuning en hulp om alternatiewe versorgingsposisies te bekom

7.3.2 Versorging in die gemeenskap

Versorgingsprogramme in die gemeenskap behels tuisverpleging, die verskaffing van maaltye, sosialiseringsaktiwiteite en ontwikkelings-programme asook hulp met die huishoudelike take

Die verskillende sinodale diensorganisasies bedryf dienssentrums vir ouer persone wat as basis dien vir hierdie programme.

7.3.3 Alternatiewe versorging

Alternatiewe versorging kan ‘n aftreeoord, tehuis vir ouer persone of permanente versorging in ‘n siekeboeg behels

Statistiek

OUER PERSONE	Persone bedien
Maatskaplike werkdienste	3 280
Gemeenskapsversorging	37 816
Residensiële versorging	7 083

7.4 Persone met spesifieke gestremdhede

7.4.1 Maatskaplike werkprogramme

- Berading en ondersteuning van ouers van kinders met spesifieke gestremdhede
- Ondersteuning en hulp om gespesialiseerde hulp en/of alternatiewe versorging te bekom

Statistiek

PERSONE MET SPESIFIEKE GESTREMDHEDE	Persone bedien
Maatskaplike werkdienste	358
Gemeenskapsversorging	716
Residensiële versorging	25

7.4.2 Onderwys en Opleidingsprogramme

Sommige sinodale diensorganisasies is betrokke by skole en opleidingsentrums vir persone met spesifieke gestremdhede hetsy by die bestuur van die instellings of deur die instellings te bedryf.

7.5 Programme ter bekamping van dwelm en alkohol-afhanklikheid

Maatskaplike werkprogramme

- Berading aan persone wat afhanklik is of dwelmmiddels en alkoholmisbruik
- Berading en ondersteuning aan gesinne van hierdie persone
- Residensiele terapieprogramme

Statistiek

DWELM- EN ALKOHOL-AFHANKLIKHEID	Persone bedien
Maatskaplike werkdienste	1 369
Gemeenskapsversorging	2 701
Residensiële versorging	5 040

7.6 Armoede-bekamping

Programme en projekte fokus meestal op ekonomiese bemagting en vaardigheidsontwikkeling.

Statistiek

ARMOEDE-BEKAMPING	Persone bedien
Maatskaplike werkdienste	16 620
Gemeenskapsversorging	32 537
Ander	49 947

7.7 MIV en Vigs

- Bewusmakingsprogramme om die verspreiding van MIV te bekamp en stigmatisering teen te werk
- Berading en ondersteuning van persone wat deur MIV en Vigs geïnfekteer en geaffekteer word
- Tuisversorgingsdienste van kinders wat een of albei ouers verloor het

Ongeveer 63 000 persone is in die oorsigjaar deur die programme bereik

Statistiek

MIV EN VIGS	Persone bedien
Maatskaplike werkdienste	2 970
Gemeenskapsversorging	19 775

8. PERSONEEL

Die lidorganisasies het die afgelope jaar 7 202 persone in diens gehad. Die personeelkorps kan breedweg in die volgende kategorieë ingedeel word.

PERSONEEL	GETAL
Administratiewe personeel	777
Ander (bv algemene assistente, skoonmakers, ens.)	2530
Bestuurspersoneel	280
Gemeenskapontwikkelaars	9
Maatskaplike hulpwerkers	309
Maatskaplike werkers	603
Verpleeg-assistente	780
Verpleegpersoneel	1914
TOTAAL	**7 202**

Benewens die personeelkorps hierbo was daar ook 14 203 vrywilligers betrokke by die dienslewering.

9. OMSET

Die omset van die lidorganisasies gedurende die verslagjaar het R797 miljoen beloop. Die inkomste is soos volg verkry:



10. DIE ORGANISASIE VAN KERKLIKE MAATSKAPLIKE DIENSTE

Die Kerklike Maatskaplike Diensteraad (KMDR) het in 2002 tot stand gekom as ‘n netwerk bestaande uit die kerklike maatskaplike diensorganisasies van die 10 sinodes van die NG Kerk. Aangesien die verskillende sinodale organisasies slegs in ‘n spesifieke geografiese gebied (sinodale gebied) funksioneer, was daar ‘n behoefte aan ‘n forum wat gemeenskaplike sake van die organisasies op ‘n wyer vlak, nasionaal en internasionaal kan behartig. Die KMDR is geregistreer as ‘n organisasie sonder winsoogmerk kragtens die Wet op Organisasies sonder Winsoogmerk (wet no 97 van 1997).

In hierdie netwerk van sinodale maatskaplike diensorganisasies word elke Lidorganisasie deur een verteenwoordiger in die Ledevergadering verteen-woordig. Die Lede vergader gewoonlik een keer per jaar. Die Lede kies jaarliks ‘n Bestuur wat uit drie persone bestaan. Naas die ledevergadering kan die Bestuur ook van tyd tot tyd konsultasies met die lede reël soos nodig.

Die KMDR funksioneer as ’n werksaamheid van die Algemene Sinode van die NG Kerk en rapporteer aan die Algemene Diensgroep Diens en Getuienis van die Algemene Sinode en die Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis van die familie van NG Kerke. Die organisasie word bedryf as ‘n deel van werksaamhede van die kantoor van die Algemene Sekretaris van die NG Kerk in Pretoria.

11. LEDE VAN DIE KMDR

Organisasie	Kontakbesonderhede
NG Barmhartigheidsdiens *Sinode Hoëveld*	Tel: 011 975 8220 / 011 975 8220 E-pos: skdbstvl@mweb.co.za
NG Welsyn Noordwes *Sinode Wes-Transvaal*	Tel: 018 297 3928 E-pos: ngwbestdir@mweb.co.za
SKDBM *Noordelike Sinode*	Tel: 012 460 2711 / 460 2654 E-pos: skdbm@mweb.co.za
CMR Noord *Noordelike Sinode*	Tel: 012 460-9272 /3/4 E-pos: cmr@cmrn.co.za
Kwa-Zulu Natal Christelike Maatskaplike Dienste *Sinode Kwa-Zulu Natal*	Tel: 033 342 7900 E-pos: botha@ngkzn.org.za
BADISA *NG kerk Sinode Wes- en Suid-Kaap & VGKSA Sinode Kaapland*	Tel: 021 957 7130 E-pos: info@badisa.org.za
NG Maatskaplike Dienste OVS *Sinode Vrystaat*	Tel: 051 407 7222 E-pos: admin@ngmdvs.co.za
CMR Oos-Kaap *Sinode Oos-Kaap*	Tel: 041 484 3554 E-pos: cmr-pe@webafrica.org.za
NG Welsyn Noord-Kaap *Sinode Noord-Kaap*	Tel: 053 832 9581 E-pos: noordkaapsinodeSKDG@xsinet.co.za
CMR Mpumalanga *Oostelike Sinode*	Tel: 017 735 4635 E-pos: cwrdirmpum@cmroos.co.za
CMR Gauteng-Oos *Oostelike Sinode*	Tel: 012 361 4619/13/23 E-pos: info@cmroos.co.za
Namibië *Sinode Namibië*	Tel: 00264 61 37 4350 E-pos: clem@ngkn.com.na